Maandbrief

Februarie 2010

Liewe gemeente

Het jy al gewonder oor die verandering hier in Suid-Afrika. 'n Paar jaar gelede was daar baie meer dissipline en mense was baie meer samelewend. Dit was ook die tyd toe daar baie gefokus was op diensplig. Die beginsel waarvolgens elkeen geleef het, was uit plig. Die weermag-offisier het 'n plig gehad teenoor sy troepe. 'n Man het 'n plig gehad teenoor sy vrou, burgers teenoor die owerheid, lidmate teenoor die kerk, ensovoorts.

Baie dinge is bloot uit plig gedoen, maar nie noodwendig vanuit innerlike oortuiging nie. Mans het diensplig gedoen. Mense het hulle godsdientige plig nagekom deur Sondae kerk toe te gaan.

Maar toe breek die 1990's in Suid-Afrika aan wat 'n spoedige einde aan baie van hierdie pligte gebring het. Toe wonder almal waar is orde en dissipline heen. Helaas was al hierdie dinge, wat mense as orde opgeneem het, maar net pligte wat formeel nagekom moes word.

Ware verandering vind altyd binne in mense plaas. Wanneer jy doen, wat jy doen uit liefde vir die Here en vir ander, en nie omdat dit jou plig is nie, dan doen jy dit reg. Pligte word net gedoen solank as mense gedryf word deur outoritêre figure en skuld gevoelens, maar liefde kom altyd spontaan uit jou hart. Wanneer Kolossense 3 se woorde begin waar word, deur alles wat jy doen, doen jy dit tot eer van die Here, dan sal jy die regte dryfveer in jou lewe ontdek.

Die dag wanneer ons die verskil tussen liefde en plig gaan onderskei sal daar verandering in ons samelewing wees. Wees jy die eerste om dit in 2010 uit te leef.

Ps. Welkom al ons nuwe lidmate, mag julle saam met ons groei. Dankie vir elkeen se getroue bydrae, mag God julle ryklik seën.

Groete, Past. Leon

Word jy aangeval?

As jy deel is van die Koninkryk van God, sal jy aangeval word. Dit sal gebeur in en by jou kerk, werk, en gesin, omrede Sy Koninkryk binne jou is (Lukas 17:21). Die aanval sal wees vanuit `n vesting (2 Kor. 10:4). Binne die vesting is daar waarhede en nie-waarhede. Bv. Muslims glo dat Jesus die Messiah is, dat hy gebore is uit `n maagd en baie ander waarhede oor Jesus. Maar, twee dinge sal hulle nooit erken nie. No 1, Hy het nie aan `n kruis gesterf nie, omrede `n engel Hom weg gedra het net voor Hy gesterf het en No 2, Jesus is nie die Seun van God nie. Beide is leerstellings deur Mohammed.

Om te bly staan teen `n aanval vanuit `n vesting moet jy bo-natuurlike wapens gebruik. Trek die volle wapenrusting (Efes. 6:13-18) aan volgens die reëls van `n krygsman (2 Tim. 2:3 en 5). Indien jy die leuen geneem het dat jy nog nooit jou wapenrusting uit getrek het nie, kyk weer na 2 Tim. 2:5 en of daar nie ook ander strikke in jou lewe is nie (2 Tim. 2:26).

In Efes. 6 is daar 7 wapens, 5 om om te dien as verdedeging en 2 om mee aan te val. Die laaste 2 aanvalswapens is die swaard en gebed (Efes. 6:18). Ons verloor daagliks omrede ons nie beide in "close combat" en oor `n lang afstand aan die geveg deelneem nie. Om Sy oorwinning te vestig; en nie om jou wil te vestig nie.

Kom ons kyk hoe ons die swaard op 2 meter en misiele oor `n onbeperkte afstand gebruik moet word. In enige aanval moet ons weet dat Jesus reeds die oorwinning behaal het en ons moet net hierdie oorwinning vestig.

Die swaard:- Spreek die geskrewe Woord sodat die logos die rhema word wat die Duiwel verjaag. Dus, die geskrewe woord word nou die woord uit God se mond. Ons voorbeeld is Jesus in die wildernis wat die Bybel aangehaal het en Satan het van hom weg gegaan (Matt. 4:4-10 en Luk. 4:4-10).

Missiele:- Gebed kan van enige plek na enige plek gestuur word. Om efektief te wees moet die gebed uit drie komponente bestaan nl. die Woord van God, die naam van Jesus en die bloed van Jesus (Efes. 6:18).

Weet dat die geveg vanuit God se Koninkryk nie met woorde is nie. Dit is met die krag van Jesus om sy oorwinning te vestig en nie om jou planne te vestig nie, al is dit ook baie mooi planne wat lekker op die ore val (1 Kor. 4:20).

Hierdie brief met die wete dat ons die kwaad sal moet verdra totdat ons Sy oorwinning gevestig het (2 Tim. 2:24-25).

Past. Fanie Scanlen.

Noot vir noot aand

Almal is welkom.
Bring gerus vriende ook saam vir 'n lekker kuier-aand.
Ons vra dat jy net 'n bottel koeldrank of 'n pak "chips" saambring.
Vrydag, 19 Februarie om 19:00 te Conradiestr 7, Brackenfell.

Het jy al vir jou vriendin 'n geskenkie gegee?

Huishouding:

Baie dankie aan almal wat bydrae en die werk van die huishouding moontlik maak. Die kos en ander benodigdhede word opreg waardeer.

Ons t-hemde is bestel en ons sal laat weet wanneer die eerste uitreik vir die jaar sal wees.

Dagboek:

Februarie 2010

Vrydag, 5 Februarie	Musiek spanbraai
Sondag, 7 Februarie	Nagmaal
Vrydag, 19 Februarie	Noot vir noot aand

Die beste partytjie ooit

Ek is daarvan oortuig dat daar niemand is wat nie van partytjies hou nie. Of dit nou jy is wat verjaar en of jy na iemand se partytjie genooi word. Ek is net mal daaroor. Daar is altyd lekker eetgoed. Die wonderlike reuk van braaivleis en sappige wors. Daar is altyd lekker chips, peanuts en ander versnapperings. En wat is 'n partytjie nou sonder 'n nagereg wat net in jou mond wegsmelt. Lekker roomys met sjokoladesous bo-op. Dit klink darem lekker of hoe?

As bogenoemde die enigste rede was om daarheen te gaan was dit beslis die moeite werd, maar daar is iets meer. Wonderlike vriende saam met wie jy lekker kan kuier en lag. Mense en vriende maak die lewe soveel meer vreugdevol. Die meer mense die beter die partytjie en gewoonlik is daar ook mense wat jy nie ken nie.

Het jy al ooit aan die hemel gedink as 'n partytjie?
God die Vader is die een wat die GROOTSTE partytjie in die wêreld se geskiedenis gaan gooi en almal in die wêreld word uitgenooi en die toegang is gratis. Jy moet net jou hele lewe vir Hom gee en Hom koning maak oor alles in jou lewe.

Die hartseer ding vandag is dat daar soveel miljoene mense is wat nog nooit gehoor het dat hulle uitgenooi is na dié partytjie nie en die vraag is gaan ek en jy alles in ons vermoë doen om mense te nooi en vertel wat hulle moet doen om Jesus koning te maak van hulle lewe en so ook deel te kan wees van die heel beste PARTYTJIE ooit.

Past. Quintin

Advertensies:

Stuur gerus jou advertensie aan: mariskavr@telkomsa.net as jy gratis in ons Maandbrief wil adverteer. So help ons mekaar in die gemeente.

Kids Party Hire

Tafels, Stoele en tema dekor
Alles wat jy nodig het vir 'n kinderpartytjie
Tel: 021 981 0844
Website: www.mjhire.co.za

Wedding & Party Hire

Tafeldoeke, overlays en kandelare
Tel: 021 981 0844
Website: www.mjhire.co.za



MPV BOEDELDIENSTE

MPV Boedeldienste is gestig om eksekuteurs wat nie oor beredderingservaring beskik nie, teen 'n drasties verminderde tarief by te staan in die bereddering van boedels waarin hulle as eksekuteurs benoem is.
Die drie vennote het gesamentlike meer as 'n eeu ervaring van boedelbereddering en beveel aan dat testateure die langslewende of 'n kind as eksekuteur in hul testamente benoem om sodoende by oorlye aansienlike besparings te kan geniet.
Benewens die besparing van tot 50% op eksekuteursloon (afhangende van die bruto bates van die boedel) is daar ook verdere koste- en beredderingstermyn besparings.
Al die besparings is vir voordeel van die erfgename.
Om meer inligting te bekom skakel, sonder enige verpligting, een van die volgende vennote van MPV Boedeldienste:

SAKKIE PIETERS: Tel: 021 913 5655 Sel: 082 290 8187 sakkiep1@absamail.co.za
KOOS VAN ZYL: Tel: 021 975 1375 Sel: 084 268 9663 kvzyl@absamail.co.za